

"You're only given a little spark of madness. You mustn't lose it." Robin Williams

CGA CITRUS SUMMIT

Die CGA Sitrus Summit is terug!!! Die vorige CGA Sitrus Summit is in 2019 gehou, met 2021 wat weens COVID, gekanselleer is, is ons uiters opgewonde om aan te kondig dat die 2023 CGA Sitrus Summit AAN is! Die Summit is geskeduleer om van 14 tot 16 Maart 2023 by die Boardwalk Hotel en Konferensiesentrum in Gqeberha (Port Elizabeth) plaas te vind. Die Summit sal op Dinsdagaand, 14 Maart met 'n Verwelkomingsfunksie afskop. 'n Uitstekende reeks sprekers sal aanbiedings vanaf 08h00 op Woensdag, die 15de Maart tot Donderdagmiddag, die 16de Maart aanbied. Die gala-dinee word Woensdagaand, 15 Maart gehou. Registrasies is reeds aan die gang – registreer asseblief deur hierdie skakel <https://uppe.flockplatform.com/ep/?event=4th-CGA-Citrus-Summit> te gebruik.

Indien jy sou belangstel in 'n borgskap, kontak asseblief vir tanya@cga.co.za vir 'n Borgskap Prospektus.

'n Spesiale dank aan Standard Bank wat weereens die Summit met die Diamant-borgskap ondersteun. Wonderful Citrus het ook as goue borg aan boord gekom – wat die gala-dinee borg. Winfield United het die goue borgskap vir die Verwelkomingsfunksie. Ook aan boord as borge is Mpact, RBX, Capespan, Janssen PMP, Villa Crop en Clemengold.


FITOSANITÊRE MARKREGISTRASIES

Klik asseblief op die skakel hieronder om die besonderhede vir Fitosanitêre markregistrasies vir 2022-2023 te sien. Die sluitingsdatum vir registrasies is 18 Nov 2022.

- <https://www.cgacomms.com/cgacomms/attachments/1081/eCert-Newsletter-2022-10-31-Citrus-PHC-and-PUC-Registration-Update.pdf>

HERINNERING: GLOBAL CITRUS CONGRESS (GCC)

As jy nog nie vir die aanlyn GCC, geregistreer het, wat deur die Wêreld Sitrus Organisasie (WCO) en Fruitnet georganiseer word nie - moet dit asseblief nie misloop nie. Die WCO het onlangs 'n "slegs lede" publikasie "Citrus World Statistics 2022" vrygestel. Hierdie publikasie bied uitstekende analise van die globale sitruswêreld, kundig deur die span by CIRAD saamgestel. As voorbeeld, die uittreksel hieronder toon die per capita-verbruik van sitrusvrugte regoor die wêreld. Hierdie inligting help lede om geleenthede te identifiseer.



GEPAK EN VERSKEEP

Einde van Week 44 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatitng	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2020	2021	2022	2021	2022	2022	2022	2021
Pomelo's PP (17kg)		2.7 m	2.6 m	2.3 m	2.0 m			
Pomelo's Klas1&2 (17kg)		12.8 m	12.2 m	12.8 m	11.2 m			
Pomelo's	16.0 m	17.5 m	16.7 m	17.2 m	15.0 m	16.8 m	16.7 m	17.5 m
Mandaryne	23.7 m	30.9 m	31.8 m	29.4 m	31.8 m	34.5 m	31.9 m	30.9 m
Suurlemoene	28.5 m	31.0 m	34.7 m	29.6 m	34.1 m	32.3 m	34.8 m	31.0 m
Nawels	26.0 m	27.2 m	27.8 m	27.2 m	27.5 m	28.7 m	27.8 m	27.2 m
Valencias	53.1 m	54.9 m	53.8 m	54.9 m	51.8 m	58.2 m	53.9 m	55.0 m
Totaal	147.3 m	161.5 m	164.8 m	158.3 m	160.2 m	170.5 m	165.1 m	161.6 m